

## Maandag 9 Mei

**Skrifgedeelte: Matteus 3:13-17; HK Sondag 12, Vraag 31**

**Fokusgedeelte: Matteus 3:16**

### Die salwing van Christus

Naas die algemene betekenis wat salwing in Israel gehad het, het dit in hulle godsdiens 'n heel besondere betekenis gehad. Dit blyk daaruit dat slegs drie groepe persone in die besondere betekenis van dié handeling gesalf is. Dit was die priesters (Eks. 30:30), die konings (1 Sam. 10:1; 16:13) en die profete (1 Kon. 19:16). By hulle het die salwing daarin bestaan dat welriekende olie op so 'n persoon se kop uitgegiet is sodat dit afgeloop het oor sy hele liggaam en ook sy klere deurtrek het (Ps. 133:2).

Waar persone tot een van die genoemde drie ampte gesalf is, het salwing die volgende betekenis gehad. Eerstens het dit beteken dat so 'n persoon deur God *uitgekies en afgesonder* is om 'n spesifieke taak in sy diens te vervul (1 Sam. 16:12). Tweedens het dit beteken dat die persoon deur God *toegerus en bekwaam gemaak sal word* met gawes en vaardighede om sy taak op 'n wyse wat goed en reg is in die oë van die Here te kan vervul (Jer. 1:7, 8, 18). Derdens het dit beteken dat die persoon op die wyse van God die *opdrag ontvang het en uitgestuur* word om die besondere taak waarvoor hy gesalf is, te gaan vervul (Jes. 6:8-13; Jer. 1:7, 8).

Nou moet ons onthou dat al die gesalfde profete, priesters en konings in die Ou-Testamentiese tyd heenwysings was na die groot Gesalfde van die Here wat sou kom: *Jesus Christus*. Daarby was die drie ampte wat sedert die sondeval geskei was en deur verskillende persone vervul was, weer in Hom verenig. Verder het God Self Jesus as die Christus gesalf (Ps. 2:6; Mark. 1:10, 11). Hy is ook nie met olie gesalf nie, maar met die Heilige Gees. Nadat Johannes Hom gedoop het, het die Vader Hom met die Heilige Gees gesalf wat soos 'n duif uit die hemel op Hom neergedaal het (Matt. 3:16, 17).

Ook sy salwing het beteken dat Hy deur God gekies en aangewys is om as ons Redder en Saligmaker op te tree. Verder het sy salwing beteken dat Hy vir sy besondere taak toegerus en bekwaam gemaak is. Natuurlik was dit net 'n toerusting en bekwaammaking na sy menslike natuur. Na sy goddelike natuur is Hy almagtig, alwetend en alwys en daarin was geen bekwaammaking nodig of moontlik nie. Vanselfsprekend het die salwing ook by Hom beteken dat Hy van God die opdrag ontvang het om ons Middelaar te wees en ons met God te versoen. Deur die vervulling van die drie ampte van profeet, priester en konning sou Hy die mag van Satan en die sonde verbreek, ons skuld betaal en vir ons vrede met God en die ewige saligheid verwerf.